## Die Fondasie van Neo-Spektrum:

Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

KONTAKBESONDERHEDE


**Terblanche Jordaan**
Tel: 083.460.45.45
**terblanche1@telkomsa.net**

**Webblad: www.neospektrum.co.za**
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan: dksmith1000@gmail.com**


ACIM: Stad 5/8 en Kolping 8/8
Bejaardesorg: Larél — 071.493.07.10
Spiritualiteit Konferensie: 3 Aug '19

**Boekgroep**
**Maandag: 5 Augustus 2019**
ecs@telkomsa.net
**Marseille 15, Pinehurst**

➢ **bookings@neospektrum.co.za**

BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA

Naam en Van

______________________________________________

E-Mail________________________________ Sel______________________

ADRES: 7 BICCARD STR. DURBANVILLE

Vanaf N1 — Durbanweg/Willie van Schoor afrit, reguit ± 8km tot by sirkel, uit in Koebergweg, tweede straat regs is:

**Maak vir ons 'n Maandelikse Bydrae asseblief**

**Bankrekening vir bydraes**
**ABSA: Neo-Spektrum**
Takkode: **632005**
Rekening: **4083481065**
*Vir elke bydrae sê ons*
***DANKIE!***

SnapScan
Download APP vir jou foon.

Installeer en gebruik met veiligheid.



# Neo-Spektrum

## 28 Julie 2019

## DEK DIE TAFEL VIR ANDER

## ~ GODISNOWHERE ~

## STILTE IN DIE KAPEL

~ Pie Jesu — Gregorian ~

## IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

Ek is alleen — alleen in my hartseer
alleen in my verdriet — alleen in my nag
alleen in my boom — alleen in my huis
alleen in my droom — alleen in my soek
na mense, na suiwerheid, na God.

Jy is alleen — alleen in jou eensaamheid
jy roep na die winter — jy roep na die reën
jy roep na die wind — jy roep na die uile
jy roep na die vreugde — jy roep na die son
jy roep na die lewe — na mense, na suiwerheid, na God.

Die mens is alleen — alleen in sy eensaamheid
ek en jy huil — ek en jy roep
ek en jy skree — ek en jy bid
ek en jy breek — ek en jy verlang
na mense, na suiwerheid, na God.

— Antjie Krog: Fughetta vir Drie Stemme

## GOD KAN NET VIR JOU DOEN WAT GOD DEUR JOU KAN DOEN

*"Laat die liefde wees sonder skynheiligheid. Verafsku wat sleg (**poneros**) is; hou vas aan wat goed is. Wees toegewyd aan mekaar in broederliefde (**philadelphia**); gee voorkeur aan mekaar met eer; moenie verslap in jul ywer nie, wees vurig van gees en dien die Here; wees bly wees hoopvol, volhard in verdrukking, toegewyd in gebed, dra by tot die behoeftes van die heiliges, beoefen gasvryheid (**philonexia**). Maar die wat jou vervolg; seën hulle en moenie vervloek nie. Wees bly met die wat bly is, en treur met die wat treur. Wees dieselfde teenoor almal; wees nie hoogmoedig nie, maar verbonde aan die geringstes. Moenie volgens jou eie oordeel wees nie. Moenie kwaad met kwaad aan iemand betaal nie. Respekteer wat reg is in almal se oë. As dit moontlik is, behou die vrede met alle mense, sover dit van jou afhang."* — **Romeine 12:9-18**

====================================================================

### VAN TWYFEL NA GELOOF,
### VAN MOEDELOOS NA HOOP,
### VAN VREES NA LIEFDE

Die vraag is — **WAT** moet ek doen as die lewe my soms oorweldig en **HOE** skuif ek die versugting van kreun-en-steun na 'n gesindheid van liefde, aanvaarding, respek, menswaardigheid, en seëninge?

====================================================================

***1. CONFLICT: the thief of joy*** — As jy van iemand verskil, moenie kwaad word nie, en as jy kwaad word, moenie 'n ander persoon verneder nie — leer om van mekaar te kan verskil sonder om iemand anders se menswaardigheid te verguis. Onthou — *"konflik is vrees verwoord"* (ACIM) en vra altyd jouself as jy kwaad word, *"waarvoor is ek só bang?"* Wees verdraagsaam teenoor hulle wat anders is as jy, en onthou dat jy soms vir jouself 'n vreemdeling is en daarom loop ons saggies met iemand anders se ontmoeting. Los ou-koeie waar hul hoort en as jy 'n saak bepraat, bespreek, besluit het dan gaan gooi jy die wrewel en suur in die see en slaan 'n bordjie in op die strand wat sê, 'NO FISHING!'

***2. UBUNTU: I am so I through you*** — Wat beteken, *'wees lief vir jouself'* anders dat ons onsself sal aanvaar met ons beste maar ook minder goeie eienskappe; onsself met deernis en erbarming sal hanteer en minder judgemental sal wees oor onsself. Verander wat jy kan verander en beywer jou daartoe om die splinters te verwyder. Laat jou ja, JA wees en jou nee, NEE. Maak beddings (boundaries) sonder om mure en heinings te bou. Leer om op jou eie te kan wees ... leef in vrede met jouself. **Jy kan net gee <u>WAT</u> jy het — en <u>HOE</u> ons gee, maak ons ryk.**



## <u>GIVING</u> TRANSFORMS HAVING INTO <u>BEING</u>



~ HELL OR HIGH WATER — BILLY RAFFOUL ~

---

## Herinnering en Seënbede

Owning our story can be hard but not nearly as difficult
as spending our lives running from it.
Embracing our vulnerabilities is risky
but not nearly as dangerous as giving up
on love and belonging and joy —
the experiences that make us the most vulnerable.
Only when we are brave enough to explore the darkness
will we discover the infinite power of our light.

— Brené Brown —

.

Dear God, please remove the walls in front of my heart.
May I see the gentleness in others,
and may they see the gentleness in me.
May Your tenderness be my strength
and Your compassion be my guide. Amen.

— Marianne Williamson —

---

## Be the <u>Awareness</u> of the <u>Presence</u> of God

~ JESU, JOY OF MAN'S DESIRING (FEAT: NARCIS)
— GREGORIAN ~